**VDM**

Doer in die vorige eeu het prof. Mias de Klerk vroeg in my kweekskooljare ons aanbeveel om die Heidelbergse kategismus deeglik te bestudeer. Dit, en die voortvloeiende gesprekke in Huis Taaibos, veral met Petrus Kriel, het 'n groot rol gespeel dat ek kon breek met die onsekere sekerheid van my herhaalde CSV- en Jeug-tot-Jeugaksie bekerings.

In die bediening het ek van dag een af hierdie evangeliese metodiek teengestaan en bestry. Toe dit in die nuwe Standerd 5 (Graad 7, vir die oningewydes) beslag gevind het, het ek, Ewald Bosch en Emile Naude, almal van die ring van Daspoort, die saak onder andere via die kerkbode aangespreek.

Die katkisasieboek is mettertyd verander, maar die stryd teen die toenemende oormag was erg frustrerend. Veral as mens laatnag in die Kerkbode lees hoe prof. De Villiers (heilige Dawid) van Stellenbosch vertel dat Campus Crusade nie regtig so verkeerd is nie, maar eintlik baie goeie resultate gehad het in Suid-Afrika. My verdere gefrustreerde rondblaai in einste Kerkbode het my aggressief laat stop by 'n artikel met die opskrif "Piet en Anna het toe tot bekering gekom".

Nog 'n skepsel wat weer die kat aan die stert beet het dink ek terwyl ek teen wil en dank begin lees. My vooropgestelde idee van waaroor hierdie getuienis tog nou weer sou gaan is egter blitsvinnig planke toe gestuur.

Toe die artikel afsluit met die vraag, wanneer sal my kerk tog besef hoekom bekering, in die kategismus, nie tuiskom onder verlossing nie, maar onder dankbaarheid, was ek sellers baie dankbaar. Iewers in die duisternis is daar nog 'n skepsel wat iets reg verstaan.

Die skrywer was, Manie Malan toe nog leraar van Somerset-Wes. Sy Swart op Wit, teologiese tydskrif wat hy landswyd onder alle leraars versprei het, het later by talle ander worstelaars dieselfde behaaglikheid oor die grootheid van die genade gebring.

Toe hy terminaal siek geword het, het ek en Petrus Kriel, wat toe leraar by Levubu was, eendag by hom gaan besoek aflê.

Onder andere is gepraat oor Swart op Wit se toekoms. Daar is ooreengekom dat, om die regsinnige saak en gesprek voort te sit, ons eerder 'n nuwe tydskrif sou begin, as om Swart op Wit voort te laat bestaan.

Hierdie gesprek was die effektiewe begin van wat later as VDM die lig sou sien. Nie lank na Manie se kort siekbed nie, het ek en Petrus die wiel aan die rol gesit. In ag genome alles wat moes gebeur kan mens maar net jou hoed vir Manie afhaal, wat alles man alleen gedoen het.

Dit was nooit die idee om Swart op Wit te herhaal nie. Daarvoor het nie een van ons twee dieselfde gemaklike skryfstyl as Manie gehad nie. Daarbý was, veral Petrus reeds besig met 'n nuwer formulering van wat die eintlike oorsaak van die foutiewe verstaan en hantering van die evangelie was.

Nietemin het ons grootliks gesteun op Manie se formaat: A4, swart op wit, verspreiding primêr aan predikante en natuurlik veral die gedagte van voortgesette

ondersteuning in die regsinnige leer aan predikante en lidmate, wat hulleself iewers alleen bevind in die stryd.

Laasgenoemde was baie belangrik, veral na my gesprek met Manie se seun waarin hy pertinent genoem het dat sy pa se uitgangspunt was om vir die eensame dominee bruikbare materiaal te gee. Dit het my ook baie moed gegee dat “my pa eers op die laat ouderdom van 40(sic) begin skryf het.

Die totstandkoming van VDM is geformaliseer by Benoni-Oos, Putfontein waar ŉ groep wat as aanvanklike medewerkers geïdentifiseer is, byeengekom het. Hulle was Petrus Kriel-Levubu, Emile Naude-Benoni-Noord, Noël Schreuder-Die Parke, Newcastle, Hennie van Schalkwyk-Malvern (almal 1981 klasmaats), Alwyn en Miemie Roux-Benoni en Pieter de Villiers-Witfield-Wes.

Ek sou as redakteur optree, maar was later sommer ook chief, cook and bottle washer. Ek beskou dit as die dood in die pot. Dit het net teveel geraak. As Redakteur sou ek die materiaal bymekaarmaak en dit dan persklaar maak. Die uitleg is gedoen op ’n DOS aangedrewe 386 met behulp van Ventura, die latere voorloper van Corel Draw. My gebrekkige kennis van die programmatuur saam met die beperking van die karige kapasiteit van die rekenaar het die voltooide produk voorwaar ŉ geweldige uitdaging gemaak.

Maar met stampe en stote was die eerste uitgawe uiteindelik persklaar, kompleet met strokiesprent op agterblad, inskrywingsvorm en uitnodiging om deel te neem via die briewekolom of deur middel van artikels en preke.

In Augustus 1991 is die eerste uitgawe met ŉ oplaag van 2000 met die drukkersink skaars droog, gratis versend aan alle predikante en al drie fakulteite.

Die enigste negatiewe (lees afbrekende) kritiek het gekom vanaf my studenteleraar, Julian Muller. Dit was vir my erg vreemd. Volgens my het ons nie net ’n besondere goeie verhouding gehad nie, maar beslis ook dieselfde standpunt gehad oor dit wat ons in VDM aan die orde gestel het. Soveel so dat ek hom gevra het om my in my eerste gemeente, Wonderboompoort te bevestig. Baie belangriker is die feit dat, op grond van die inhoude wat hy toe verkondig het en veral op sterkte van sy stryd teen Campus Crusade, ek hom geag het as deel van diegene wat vir my rigting aangedui het en met wie ek weinig verskil. Met die volmaakte insig wat terugkyk bring vermoed ek hy was toe egter reeds besig met sy 2e heroriëntering.

Daarnaas was die ontvangs oorweldigend positief. Bewys daarvan was die steeds groeiende aantal intekenaars, oud en jonk uit alle oorde. Kort na die 2e uitgawe het dit reeds duskant 500 gestaan en talle medewerkers het artikels aangestuur terwyl daar in die briewekolom bemoedigende korrespondensie van so wyd as die Seychelles ontvang is. Voor die hand liggend is daar ook briewe ontvang wat verskil met van die artikels, wat aktiewe korrespondensie tot gevolg gehad het.

So dan en wan is daar donasies van goedgunstige persone en Kerkrade ontvang. Daarom is daar met die oog op bemarking ten spyte van finansiële druk, voortgegaan om 2000 kopieë per uitgawe te druk.

Met geswoeg en gesweet het die 8ste uitgawe in Januarie 1995 die lig gesien, maar weens onder andere ’n gebrek aan finansies is dit nooit versend nie. Die goeie nuus is jy kan dit nou op hierdie webwerf lees.

Die plotselinge einde van VDM sal altyd een van die groot teleurstellings van my lewe wees. Sonder om ’n martelaar te wees kan dit direk na my as Redakteur herlei word. Die hele proses: versameling van materiaal, uitleg, druk, versend, inskrywings, bestuur van finansies en veral die verkryging van finansies het sy tol geëis. Hierdie is op geen wyse ’n verontskuldiging nie, nie maar eerder ’n besef dat ek baie vroeër die saak moes herstruktureer en die ander medewerkers meer moes betrek. Daar was immers nooit onbereidwilligheid of apatie aan hulle kant nie.

Feit staan egter soos ’n koei wat ook al die rede vir die einde was, was die inhoud en die saak wat daarin aan die orde gestel was, beslis nie een nie.

Danie O’Reilly 11.01.2107 Kimberley.